Minimum liefde of ewige lewe? Luk. 10:25-37

25Daar was ’n wetgeleerde wat aan Jesus ’n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: “Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” 26Jesus sê vir hom: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?” 27Hy antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?

- Leef reg, soos jy van kleins af geleer het;
- Neem Jesus aan as Verlosser en glo dat Hy die Seun van God is (Rom. 10:9; Ef. 2:8-10; Joh.1:12; 3:16);
- Nooi Jesus wat by die deur van jou hart staan en klop in (Op. 3:20-22);
- Regverdigmaking en heiligmaking;
- Twee pole: Aanvaar Jesus en die Wet (Mat. 6:33);

gk linden

- Wat van die moordenaar aan die kruis?
- Jesus is nog nie gekruisig nie, so die antwoord gaan uit die OT kom (vgl. egter Heb. 4:2; Rom. 3:21-26);

Rom. 3:25–26Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

- Wat van die moordenaar aan die kruis?
- Jesus is nog nie gekruisig nie, so die antwoord gaan uit die OT kom (vgl. egter Heb. 4:2; Rom. 3:21-26);
- Die Here kyk wat in jou hart aangaan. Besef die persoon is soekend en luister eers wat die persoon sê.

25Daar was ’n wetgeleerde wat aan Jesus ’n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: “Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” 26Jesus sê vir hom: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?” 27Hy antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

gk linden

28“Jy het reg geantwoord,” sê Jesus vir hom.
“Doen dit en jy sal die lewe verkry.” 29Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: “En wie is my naaste?” 30Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: “Toe ’n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee.

31Dit gebeur toe dat daar ’n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. 32Net so het daar ook ’n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. 33Maar ’n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. 34Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind.

Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na ’n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. 35Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: ‘Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.’

36“Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?”

37Die wetgeleerde antwoord: “Die man (een) wat aan hom medelye bewys het.”

Toe sê Jesus vir hom: “Gaan maak jy ook so.”

Ewige lewe in Lukas:

- Jou sondes is vergewe (7:47);
- Jou geloof red jou (7:50);
- Jy kyk anders na ander en jouself (7:44);
- Nie minimum liefde nie, maar maksimum liefde vir God (10:27). Kruis: vertikaal en horisontaal; Meer Jesus; Liefde en Dissipels!

Ewige lewe in Lukas:

- God soek en vind my (3 gelykenisse in Luk. 15)
- Jesus is my kosbaarste besitting (18:18-20)
- Bekering en seën vir ander (19:1-10)

Ewige lewe in Johannes:

- 1:1-3; 3:16; 5:24; 6:40 Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.” … 14:6…
- 17:2-3: 3En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is… 1 Joh. 4:9-10; 5:11-12

Ewige lewe in 1 Johannes:

- 5:11En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. 12Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.

“A God who gives up His life and suffers unjustly for humanity, is a God I can trust with my eternal life” (Themba Gamedze)

Daar is geen enkele resep om die ewige lewe te verkry nie. Ewige lewe is kwaliteit lewe wat *shalom*/vrede beteken (vgl. Luk. 7:50) en is alleen in verhouding met Jesus te vind. Ewige lewe begin reeds binne in ons gebroke lewens. Lukas bring verskeie skakerings van ewige lewe na vore. Ewige lewe gaan oor sondebesef en om skoon te word van sonde deur vertroue op Jesus (7:47-50).

Ewige lewe is nie ‘n lewe van minimum liefde nie, maar van liefde vir God met my hele hart, siel, kragte en verstand en vir alle mense in nood (10:25-37). Ewige lewe is om Jesus se waarde ver bo besittings te stel (18:18-30). Ewige lewe is ‘n bekeerde lewe wat sonde herstel en ander seën (19:1-10).

1 Joh. 3:2Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. 3Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.

Minimum liefde of ewige lewe? Luk. 10:25-37